

# VF-Plus wil nou hof toe

■ *Joe Dreyer*

Die nasionale rampbestuurswet is volgens verskeie partye ongeldig en is besig om die land se ekonomie onherstelbare skade aan te rig. Vroeër die week het die leier van die Vryheids Front Plus, Dr Pieter Groenewald, sy planne om die geldigheid van hierdie wet in die hof te betwis, aan die media bekend gemaak.

"Ons as VF Plus gaan 'n dringende aansoek na die hooggeregshof bring om die geldigheid van die Nasionale Rampbestuurswet te betwis en om die hof te vra om te bevind dat die regering dié wet misbruik wat daarop neerkom dat die ramptoestand en die gepaardgaande regulasies ongrondwetlik is", het Groenewald in 'n persverklaring gesê. "Die gewig van algemene belange deur die ontsluiting van die ekonomie moet nou in ag geneem word. Dit word tans nie met die drakoniese inperkingsregulasies gedoen nie."

Soos ander nasionale partye en ontleders, verduidelik Groenewald dat die inperking en die gepaardgaande regulasies reeds hul doel bereik het om die infesiekurwe genoegsaam af te plat en om gesondheidsdienste die tyd te gun om gereed te maak vir 'n moontlike groot uitbreking van Covid-19. Groenewald is ook van mening dat president Cyril Ramaphosa, asook die regering se hoof-gesondheidsraadgewer, prof. Salim Abdool Karim sowel as die minister van gesondheid, Zweli Mkhize, by herhaling die voordele wat die inperking ingehou het, reeds benut het.

Verder is Groenewald dit eens dat die inperking ook nie uitgerek kan word in 'n poging om 'n moontlike piek van die virus se verspreiding op bepaalde plekke te voorkom nie. Hy sê dit sal wel plaasvind en met die wintermaande wat voorlê, kan ontsluiting nie langer uitgestel word nie. Die VF Plus reken hulle besef dat die virus 'n wesenlike lewensgevaar is, maar dat 'n land se ekonomie wat tot stilstand kom, sonder enige twyfel ook tot

groot lewensverlies, armoede en ellende sal ly.

"Dit was altyd belangrik om 'n sinvolle balans te vind tussen die verspreiding van die virus en die ontsluiting van die land se ekonomie. Om nog twee weke te wag om na Vlak Drie af te beweeg sal hierdie balans nou ernstig versteur. Verdere inperkings sal meer skade aan die ekonomie en lewenssekerheid van gewone burgers aanrig as wat dit die verdere verspreiding van die virus sal beperk."

Hy gaan aan deur te sê dat dit duidelik geraak het dat die regering sy magte misbruik deur die Rampbestuurswet te gebruik, eerder as die Noodtoestandwet. Dit aangesien die Noodtoestandwet slegs vir drie weke mag geld en alle regulasies ingevolge dié wet deur die parlement goedgekeur moet word wat oorsig en wesenlike samewerking met ander politieke partye behels.

Selfs die Verenigde Nasies (VN) se sekretaris-generaal, Antonio Guterres, het reeds aangedui dat Suid-Afrika een van die lande is wat die inperking misbruik om sy burgers se regte te vertrap. Die VF Plus sal die hof vra om te beslis dat alle sake-ondernemings toegelaat moet word om ten volle te open en handel te dryf met die nodige maatreëls in plek om die verspreiding van die virus te voorkom.

Die hof sal ook gevra word om die regering te versoek om redes te verskaf vir die streng regulasies en die redes om daarmee te volhard selfs nadat die regulasies reeds hul primêre doelwit bereik het.

"Die regering moet ook die data bekend maak waarop die ramptoestand gegrond word en hoe beweegredes en tydlyne vir die vlakke van inperking daarvolgens bepaal word. Daar moet redes verskaf word waarom daar so lank gesloer word met die afkondiging van regulasies wat in talle gevalle gebrekkig en sonder enige tydskedule is. Die VF Plus sal daarom op 'n dringende basis die hof nader. Die magsmisbruik van die regering kan nie geduld word nie."